

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH



US LIBRARY SERVICE

US BIBLIOTEEDIENS

1895 - 1995

**DIE UNIVERSITEIT VAN
STELLENBOSCH BIBLIOTEEKDIENS**

1895-1995

PROF. BUN BOOYENS

*Druk en Uitleg deur die Afdeling
Reproduksie en Bind,
Universiteit van Stellenbosch*

**J.S. GERICKE BIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
1995**

Die kuns van bewaring

'n Biblioteek is heelwat meer as 'n groot vertrek vol inligting. Om die versameling en bewaring van inligting oor 'n tydperk van 100 jaar suksesvol te kan doen, verg nie net bruikbare, praktiese stelsels nie, maar ook besondere toewyding.

Dit is vir ons 'n besondere eer om met mense wat dit tot 'n kuns vervolmaak het, te kan meewerk.

Ons het lank gelede reeds die kuns van hoë gehalte drukwerk bemeester – want drukwerk is ons inspirasie en trots.

Laat ons drukwerk vir u doen wat die moeite werd is om te bewaar.



NASIONALE BOEKDRUKKERY-GROEP


NATIONAL BOOK PRINTERS GROUP

NASIONALE BOEKDRUKKERY
NASIONALE HANDELSDRUKKERY
NASIONALE REKENAARVORMS

DRUKKERYSTRAAT GOODWOOD
POSBUS 120 PAROW 7500
FAKS (021) 592-4256

TEL (021) 591-1111

Ons kundigheid verseker diens en gehalte



BOODSKAP DEUR DIE REKTOR EN VISE-KANSELIER



As 'n voormalige (en hopelik toekomstige) intensiewe gebruiker van ons biblioteek, wil ek baie hartlik geluk sê aan alle kollegas in die US Biblioteekdiens met die honderdste bestaansjaar van die diens.

Van 'n klein begin in 'n kamer in die Ou Hoofgebou, het die Biblioteek saam met die Universiteit gegroei tot die reus wat dit vandag is.

Die US Biblioteekdiens is 'n reus nie net in die fisiese sin nie, maar is 'n organisasie wat 'n sleutelrol in die uitoefening van die Universiteit se akademiese pligte en verantwoordelikhede speel. Sy posisie as ondersteuner van die akademiese- en navorsingsfunksie is enorm, en daarsonder sou die Universiteit nie kon bestaan nie.

In die afgelope 100 jaar het die konsep van biblioteekdiens en inligtingsverskaffing drastiese veranderings ondergaan. Veral die inligtingsontploffing van die afgelope paar dekades het die aansak, berging en verskaffing van inligting ingrypend beïnvloed. 'n Honderd jaar gelede was 'n kamer vol boeke genoeg om in die behoeftes van die destydse Victoria Kollege se studente- en dosentekorps te voorsien.

Vandag gebruik ons (gelukkig) wel nog boeke, maar die tegnologie speel 'n toenemende rol in die ordening, berging en opsporing van inligting. Wie sou 'n eeu gelede kon voorspel het dat informasie - selfs hele ensiklopedieë - op mikrofilm, mikrofilm en CD verkry sou kon word, en dat kataloge en indekse deur middel van rekenars toeganklik sou wees? Die ontwikkelings was werklik verbysterend en, soos die tegnologie verder uitbrei, sal hierdie gebied nog vorentoe baie aanpassings en veranderings ondergaan.

Maar, hoe goed toegerus 'n biblioteek ook al mag wees, is die gehalte van sy diens afhanklik van 'n toegewyde en goed ingeligte personeel. Ons Universiteit kan baie trots wees op die mense wat daarvoor sorg dat uitstaande diens aan ons akademiese- en navorsingsgemeenskap verskaf word.

Baie dankie aan almal wat bydra tot die suksesvolle bedryf van die US Biblioteekdiens, en voorspoed vorentoe.

AH VAN WYK
REKTOR EN VISE-KANSELIER

DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH BIBLIOTEEKDIENS 1895 - 1995

1. 'N BESKEIE BEGIN

In die *Calendar of the Victoria College* vir die jaar 1895 verskyn die volgende aantekening: "The College has a Reading and Reference Library for the use of students... During the past year an additional room has been set apart as a Reading-Room..."

Hierdie "library" met sy "reading-room" het êrens in die Ou Hoofgebou - die presiese plek is onbekend - sy tuiste gehad. Die versameling wat hier tydens die jare 1894-1895 gehuisves is, was 'n erfenis uit dié van die "Stellenbosch Gymnasium" (1874-1880), die "Arts Department" van die Gimnasium (1874-1880) en die "Stellenbosch College" (1880-1887) wat in laasgenoemde jaar - tydens die Jubifeumfees rondom die vyftigste bewindsjaar van Koningin Victoria - tot "Victoria Kollege" herdoop is.

Weliswaar het die Victoria Kollege tydens die eerste paar jaar van sy bestaan oor 'n skamele boekerytjie beskik waaroor 'n lid van die Senaat toesig gehou het en waarvan die studente veronderstel was om gebruik te maak, dog dat dit jammerlik ontoereikend en 'n akademiese inrigting onwaardig was, vind ons onomwonde verwoord in die striemende verwysing van prof. William Thomson in 1893: "It would require a very practical imagination to be able to call the small bookcase in the Senate Hall a library. It is not an inspiring thing to see students ... waiting for the next instalment of the professional feeding bottle instead of cultivating habits of independent study and research in a well-appointed library."

Dit was waarskynlik hierdie frustrasie in studentegeledere wat in 1888 twee van hulle, J.B.M. Hertzog en W. Neethling, genoop het om die Senaat te ontmoet ten einde 'n geskikte lokaal vir die bestaande boekery aan te vra. Die studente het onderneem om by wyse van "entertainments" geld vir tydskrifte in te samel. Dit val op hoe geredelik die studente, tydens die periode wat 1894 voorafgegaan het, 'n gebaar gemaak het om

'n biblioteek in te rig, naslaanmateriaal daar te stel en toesig te hou. In hierdie verband het die "Junior" debatsvereniging, die "Victoria College Volunteer Corps" en die kadette-eenheid hul verdienstelik gemaak. Tot die beskikbaarstelling van 'n enigszins doelmatige leeskamer en studielokaal het dit egter tot 1894-1895 nie gekom nie. Nou eers het daar meer ruimte as bloot dié vir 'n "small bookcase" beskikbaar geword, soos uit die gemelde kalender-inskrywing blyk.

2. DIE C.L. MARAIS BIBLIOTEEKGEBOU

Die "reading and reference library" van die Victoria Kollege het net-net die eeuwending oorleef. In 1898 het die *Calendar of the Victoria College* aangekondig: "a College Library and Museum must be erected on one of the vacant spaces of the College Square. A Reference Library has become an absolute necessity ..." Danksy 'n ruim skenking van die Stellenbosse weldoener, die heer C.L. Marais (broer van "Oom Jannie"), bydraes deur die "Stellenbosch Distriksbank" en die Koloniale Regering, kon die bouwerk aan die biblioteekgebou aan die noordekant van Kollegeplein reeds in die jaar 1900 'n aanvang neem. "The new Library Building is now completed", is in 1901 berig. Die oprigting van hierdie eerste biblioteek is dus moontlik gemaak deur welwillendheid en skenkings van uiteenlopende kante. Dit is miskien minder bekend dat mnr. J.H. Hofmeyr ("Onze Jan") in 1895 "het gehele bedrag door mij als foioen getrokken gedurende de tijdperk dat ik lid van de parlement (vir Stellenbosch - 16 jaar) geweest ben" vir die stigting van 'n boekery beskikbaar gestel het. Dit was voorwaar 'n ruimhartige gebaar van die kant van 'n deurwinterde Kapenaar en hooffiguur in die Afrikanerbond.

Die nuwe sierlike gebou is op gepaste wyse na die heer C.L. Marais vernoem. Met die voltooiing daarvan was die Kollegeplein, met die Ou Hoofgebou as fokuspunt, in sy finale vorm en identiteit afgerond. Uit hierdie jare dateer ook die staaltraliewerk om die "Square".

Die C.L. Marais Biblioteek was die eerste gebou in die geskiedenis van die Universiteit wat vir hierdie bepaalde doel opgerig is. Dit is desnieteenstaande noemenswaardig dat hierdie gebou oor 'n periode van nagenoeg twintig jaar (tot 1920) ook die administrasie van die Victoria Kollege gehuisves het - in 'n vertrek links van die ingangsportaal. Hier is ook lokale as Raadsaal en Senaatskomiteekamers gereserveer.

Tussen die jare 1902 en 1907 het die heer J.H. Rose die betrekkings van beide terreinopsigter en bibliotekaris beklee! In 1904 het die biblioteek oor eenduisend boekdele beskik. Die oordrag van die bestuur van die biblioteek van die Raad na die

Senaat in 1904 was 'n belangrike stap. Voortaan - ook ná 1918 - sou die Senaat 'n vaste Biblioteekkomitee benoem - 'n gebruik wat tot die hede - ná negentig jaar - nog gehandhaaf word.

Met die totstandkoming van die Universiteit van Stellenbosch in 1918 het die C.L. Marais Biblioteek voortgegaan om 'n belangrike funksie te vervul, veral nadat die administratiewe afdeling van die Universiteit op die drempel van die twintigerjare 'n ander tuiste gevind het. In 1919 het die biblioteek nog maar oor slegs een amptenaar, mej. M. Chapman, beskik. Die jaar 1925 het die toetrede van mnr. G.V. Marais tot die biblioteekpersoneel gebring. Die volgende jaar het hy Bibliotekaris geword en 'n paar jaar later is mej. R.E. Baginski as Assistent-bibliotekaris en mnr. A. de Vries as Biblioteekassistent aangestel. Mnr. George Marais was bestem om die betrekking van Hoofbibliotekaris tot 1967 ('n 42 jaar-marathon) te beklee. Met 'n M.A.-graad in Latyn agter die rug was mnr. Marais die eerste Suid-Afrikaner wat 'n graad in Biblioteekkunde (van die Universiteit van Columbia in New York) verwerf het. Dat die heer Marais tot kort voor sy dood in Augustus 1994 nog daagliks fier in Pleinstraat kon stap, was vir ons Biblioteek steeds 'n gerusstellende antikwariese verskynsel!

Die getalskrale personeelvoorsiening ten spyte, het die C.L. Marais Biblioteek voortrefflike diens gelewer. Die belangrike "Universiteitskommissie" van 1928 het bevind dat "die biblioteek kan dien as 'n model en inspirasie vir ander inrigtings." Op hul beurt was die Raad en Senaat trots op hul biblioteek en is alle moontlike finansiële steun daaraan verleen. Die voorraad boeke en tydskrifte het gevolglik sterk aangegroei en die biblioteek het voortdurend probeer om tred te hou met die akademiese ontwikkeling, die behoeftes van studente en dosente en die verskyning van nuwe studierigtings.

In 1926 moes die C.L. Marais Biblioteek geherstruktureer en vergroot word, dog teen 1938 was dit duidelik dat algehele vernuwing bedink moes word en gestalte moes kry.

3. DIE CARNEGIE BIBLIOTEEK

Na die dood in 1919 van die Skots-Amerikaanse miljoenêr Andrew Carnegie, het die Carnegie Korporasie van New York die filantropiese program van sy grondlegger voortgesit, meer bepaald ten opsigte van die oprigting en toerusting van biblioteke. Reeds in 1912 het die heer Carnegie 'n bedrag van £6 000 geskenk vir die uitbreiding en instandhouding van die biblioteek van die Victoria Kollege. 'n Verdere skenking van £1 500 deur die Carnegie Korporasie aan die Universiteit van Stellenbosch in 1938 en bydraes deur oudstudente het die oprigting van 'n nuwe biblioteek moontlik gemaak. Voortaan sou die C.L. Marais gebou vir die

huisvesting van akademiese departemente en versamelings van volkekundige en argeologiese aard benut word.

Die bekende Carnegie gebou is in 1938 op die terrein van die destydse Pawiljoen-rugbyveld, noordelik-aangrensend aan die huidige Administrasiegebou (Blok B), opgerig. Dit sou oor nagenoeg vyf dekades die Universiteitsbiblioteek huisves. In die jare vyftig het die gebou omvangryke en indrukwekkende verbouings, uitbreidings en aanpassings ondergaan, waarvan die vernaamste die huisvesting van die boekery van die Fakulteit van Regsgeleerdheid en die inrigting van 'n ruim Africana lokaal was.

Saam met die boekery van die C.L. Marais Biblioteek het bibliotekaris George Marais en sy personeel na die Carnegie oorgekom. In die veertigerjare is mnr. Marais bygestaan deur mnr. D.L. Ehlers, mej. E.H. Smuts, J. Brincker en een tikster. Die getal boekdele in 1945 het op 95 167 te staan gekom. Met die aftrede van mnr. Marais in 1967 was daar 45 personeellede aan die Carnegie Biblioteek verbonde en die diens terdeë gevestig.

In 1945 is die biblioteekgeleedere aangevul met die aanstelling van mnr. François (Flooi) du Plessis as Assistent-bibliotekaris. Agt en dertig jaar sou Flooi du Plessis aan die Universiteitsbiblioteek verbonde wees, die laaste vyftien jaar as Universiteitsbibliotekaris in opvolging van mnr. Marais. Danksy sy professionele en akademiese kundigheid, belesenheid, wyse insig en kennis van boeke en die boekhandel, was Flooi du Plessis uitnemend toegerus om die Universiteitsbiblioteek tot 'n volwaardige en onontbeerlike inligtingsbron te laat ontwikkel. Dit was hom ook beskore om die intog in die "beloofde land", die J.S. Gericke Biblioteek, in Januarie 1984 te beleef nadat hy oor 'n lang tydperk aktief met die beplanning van dié unieke projek gemeoid was.

Tot met sy aftrede in Desember 1983 was dit veral die aanvulling en versorging van die Africana afdeling van die biblioteek wat by hom tot 'n trots en hartstog ontwikkel het. Dit was 'n gepaste gebaar toe die Africana lokaal in die J.S. Gericke Biblioteek in 1992 na Flooi du Plessis vernoem is.

4. DIE AFRICANA VERSAMELING

Africana materiaal is reeds teen die einde van die vyftigerjare van die res van die biblioteek se voorraad geskei. 'n Indrukwekkende lokaal vir die huisvesting van Africana is in die nuutaangeboude vleuel van die Carnegie-gebou afgesonder. Op die drempel van die sestigerjare kon die biblioteek daarop aanspraak maak dat hy oor 'n voortreflike versameling "basiese" Africana beskik.

Die werke van die ou reisigers en ander belangrike beriggewers oor die Kaap en die res van die land was feitlik almal teenwoordig. Oorspronklike skenkings, soos dié van dr. W.J. Leyds en dr. Gustav Preller, dr. H. Vedder en die heer G.J. Joubert is dermate aangevul dat die versamelings van gehalte teen 1960 tot nagenoeg 5 500 items aangegroei het. Vroeg in die jare sestig is die Africana versameling, danksy die persoonlike bemiddeling van prof. H.B. Thom, verryk deur die skenking aan die Universiteit van die waardevolle Hugh Solomon-boekery. (Hugh Ross Solomon, 1876-1956, 'n regsgeleerde van Johannesburg, het die Africana versameling van sy vader, sir Edward Philip Solomon, geërf en deur die jare aangevul.) Hierdie kosbare versameling, bestaande uit ongeveer 1 300 items, waaronder 'n honderd kaarte en seldsame prentemateriaal, is afsonderlik agter glas aan die noordekant van die nuwe lokaal gehuisves. Prof. Thom is in die uitbouing van die Africana versameling oor jare bygestaan deur proff. Bun Booyens en P.J. van der Merwe. Veral die versameling rondom die Anglo-Boereoorlog is van hoë gehalte en word steeds uitgebrei.

Oor die jare heen het die biblioteek boekversamelings as geskenke van dosente, oud-studente en weldoeners ontvang en by verskeie geleenthede was die Universiteit gelukkig en dankbaar om waardevolle boekeskenkings uit die buiteland via ambassades wat hier gevestig was, te ontvang.

'n Besoek aan die Africana lokaal in die Carnegie-gebou oor die laaste 25 jaar van die gebruik van hierdie gebou as biblioteek was altyd 'n besielende ervaring en 'n trots vir die Universiteit van Stellenbosch en sy biblioteekpersoneel. Die Africana versameling wat tans in die J.S. Gericke Biblioteek op 'n ewe waardige wyse gehuisves word, word onder kenners as "een van die uitmuntendste versamelings van dié aard ter wêreld" bestempel. Om in dié rustige afdeling onder die toesig en deskundige leiding van mev. Daleen van der Riet navorsing te doen, bly 'n verrykende ervaring.

5. SPESIALE AFDELINGS

Gedurende die tydperk wat dit in die Carnegie-gebou gehuisves was, het die Universiteitsbiblioteek toenemend die middelpunt van die akademiese werksaamhede van die Universiteit geword. Verskeie spesiale afdelings het ook in hierdie tydperk tot stand gekom:

- Mnr. Marais en Du Plessis het besondere visie aan die dag gelê deur die inrigting van 'n spesiale restourasie-laboratorium te insieer. Mnr. Henri Wirth, 'n professionele restourateur, is in 1964 by die Universiteitsbiblioteek aangestel en is sedertdien verantwoordelik vir die restourasie van boeke, ou landkaarte, grafiese werke, dokumente, manuskripte en skilderye. Van sy

grootste projekte was die herstel en raam van werke van Maggie Laubser, Solomon Caesar Malan, D.C. Boonzaier en die kunsversameling van prof. J. du P. Scholtz. Mnr. Wirth het hom onderskei as 'n eersterangse vakman en geniet vandag internasionale erkenning. Die herstel en herbind van die Biblioteek se waardevolste boeke uit die Africana- en Beskermd Boeke versameling, word ook in dieselfde afdeling deur mnr. Arthur Wadman gedoen.

- In 1967 is die waardevolle D.F. Malan-skenking aan die Universiteit bemaak. Prof. Bun Booyens was verantwoordelik vir die inlywing van die versameling en die inrigting van die D.F. Malan Museum by die biblioteek. (Laasgenoemde word tans in die Sasol Kunsmuseum gehuisves). Om die uitgebreide dokumente-versameling en ander manuskripmateriaal reeds in die biblioteek se besit te huisves, is besluit om 'n Dokumentesentrum in te rig. Mev. Doreen du Plessis wat baanbrekerswerk verrig het, moes aanvanklik die Malan-dokumente sorteer op die solderverdieping van die Carnegie, maar het later 'n kantoor in die gebou self bekom. Met die trek na die nuwe ondergrondse biblioteek in 1984 is 'n aparte ruimte aan hierdie afdeling toegeken en het mev. Hanna Botha mev. Du Plessis opgevolg. Mede deur die aanstelling van mevv. Joan Walters en Marianne van der Merwe en 'n ruim borgskap van Naspers vir die finansiering van ad hoc-hulp, kon die afdeling uitgebrei word tot 'n navorsingsentrum met 'n sterk kern van Afrikaanse letterkundige versamelings.
- Die afdeling vir Beskermd Boeke het in die laat sestigerjare ontstaan, aanvanklik om duur kunsboeke en ander kosbare materiaal in veilige bewaring te hou. Toe die omvangryke versameling van wyle kmdr. Michael Scott in 1976 bekom is, het mev. Lorinda de Klerk begin met die beplanning van die afdeling en die ordening van die veelsoortige materiaal. Mnr. Du Plessis het toegesien dat die versameling verder verryk is deur die aankoop van veral faksimile-uitgawes, waaronder Leonardo da Vinci se *Codice Atlantico* spesiaal uitgesonder kan word.

6. DIE J.S. GERICKE BIBLIOTEEK

Die J.S. Gericke Biblioteek, vernoem na ds. Kosie Gericke wat van 1952-1981 Vise-kanselier van die Universiteit van Stellenbosch was, is in 1984, na jarelange beplanning en navorsing, in gebruik geneem. Dit het 'n unieke ondergrondse tuiste op die Jan Marais-plein gevind en is sommer terstond

deur die studente tot die "KGB op die Rooiplein langs die Kremlin" (d.i. die Administrasiegebou) herdoop!

Die "groot trek" van die Carnegie na die J.S. Gericke Biblioteek was in sigself 'n veeleisende, uiters sensitiewe operasie, dog die nuwe, opwindende boeke-omgewing en akademiese atmosfeer het vanuit die staanspoor studente, dosente, personeel en besoekers aangegryp en begeester. Die biblioteek lyk soos 'n miernes wanneer honderde studente daar in- en uitbeweeg. Dit is inderdaad die sentrale akademiese senustelsel van die ganse akademiese gemeenskap. Dit word moontlik gemaak deur sy ligging in die hart van die kampus, die moderne inrigting en stimulerende interieur en, veral, die puik en parate dienslewering deur die personeel.

Die Biblioteekdiens benut die nuwe tegnologiese hulpmiddels ten volle in sy dienslewering aan die gebruikers. Al die prosesse, vanaf die plaas van bestellings tot die katalogisering en die uitleen van materiaal, is o.l.v. mev. Magda Liebenberg gerekenariseer.

Die grootste gedeelte van die versameling is op die rekenaardatabasis vasgelê en toegang geskied deur middel van rekenaars wat op verskillende plekke in die hoofbiblioteek en elk van die takbiblioteke beskikbaar is. Dosente en navorsers kan ook vanuit hulle kantore inskakel op die databasis, en andere het wêreldwyd toegang via die Internet.

Verskeie indekse is op laserskyf (CD-ROM) beskikbaar en kan insgelyks deur middel van die kampusnetwerk ook vanuit die verskillende departemente geraadpleeg word. Daarbenewens het die Biblioteekdiens skakeling met oorsese verskaffers wat toegang tot honderde databasisse op verskillende vakterreine bied. Ontwikkelinge soos elektroniese pos, elektroniese dokumentlewering en toegang tot die Internet gee 'n totaal nuwe dimensie aan die biblioteek se primêre taak van inligtingverskaffing.

Benewens genoemde gesofistikeerde dienste het gebruikers toegang tot 'n fotokopieerdienst, terwyl inligtingstukke wat nie in die versameling opgeneem is nie, van ander biblioteke geleen kan word. Op sy beurt is die Biblioteekdiens in die gelukkige posisie dat hy jaarliks nagenoeg 450 000 boeke en dokumente kan uitleen.

Die biblioteek moes weens ekonomiese oorwegings sy aankoopprogram reeds oor 'n geruime tyd binne perke hou. Die aanskaf van spesifiek tydskrifte is deur stygende pryse en die dalende koopkrag van die rand aan bande gelê. Dit is nietemin wetenswaardig dat daar tans sowat 600 000 boeke, 6 500 lopende tydskrifte en 280 000 gebinde volumes tydskrifte beskikbaar is vir gebruikers.

7. TAKBIBLIOTEKE

DIE TEOLOGIE BIBLIOTEK, 1859-1995

Toe die Teologiese Kweekskool in 1963 as Fakulteit van Teologie by die Universiteit ingelyf is, het die Universiteitsbiblioteek, danksy hierdie eenwording, 'n waardevolle versameling teologiese literatuur bygekry. Die Kweekskool het naamlik sedert sy ontstaan in 1859 van tyd tot tyd kostelike aanwinste bekom. Ons dink hier aan boequeskenkings deur vooraanstaande teoloë en openbare figure soos Guillaume Groen van Prinsterer, J.J. van Oosterzee, Herman Bavinck en sir George Grey. Laasgenoemde, goewerneur aan die Kaap, was 'n groot boekeversamelaar en in 1859, by geleentheid van die opening van die Kweekskool, het hy 'n eksemplaar van die *Delft Bybel* aan dié inrigting geskenk. Die Bybel is in 1477 in Delft, Nederland gedruk - die eerste gedrukte boek in Nederland. Gedagtig daaraan dat die *Gutenberg Bybel* slegs 21 jaar tevore gedruk is en die Hervorming 40 jaar later 'n aanvang geneem het, is dit te verstane dat hierdie die waardevolste boek in die biblioteek is.

Die Kweekskool is vanaf die begin kennelik deur die Kerk ondersteun. Reeds enkele jare voor die Teologiese Seminarium tot stand gekom het, het die Sinode besluit om geld in te samel spesifiek met die oog op die daarstelling van 'n biblioteek. Van tyd tot tyd het die Kweekskool ook skenkings en boekversamelings van predikante ontvang.

Tydens die aanvangs- en vestigingsjare van die Kweekskool is daar van die dienste van studente as bibliotekarisse gebruik gemaak. So byvoorbeeld het studente John Kestell (in die sewentigerjare van die negentiende eeu) en Bennie Keet (tydens die eerste dekade van die twintigste eeu) gereelde biblioteekdiens gedoen.

Die inlywing van die Kweekskool by die Universiteit het meegebring dat dié biblioteek se versameling behoorlik georden is. Die Teologie Biblioteek deel sedertdien ook in al die ontwikkelings en vooruitgang van die verskillende metodes van inligtingontsluiting waarvoor die Universiteitsbiblioteek beskik. Die wye spektrum van die versameling wat oor 136 jaar opgebou is, dek vanaf wiegdrucke tot CD-ROM indekse en dra daartoe by dat hierdie takbiblioteek 'n trotse diens aan die studente, dosente, navorsers en gemeentes lewer.

Oor die afgelope paar dekades het die volgende persone agtereenvolgend as senior bibliotekarisse van die Teologie Biblioteek opgetree: mev. Gerda van Niekerk, mej. Esther Basson en Ilse de Lange en mev. Nettie van der Walt.

DIE MUSIEKBIBLIOTEK, 1934-1995

Die ontwikkeling van musiekonderrig in Stellenbosch het veral vanaf 1883 met rasse skrede vooruit beweeg en vroeg in 1900 was dit duidelik dat die tyd ryp was vir die stigting van 'n sentrale musiekskool op Stellenbosch. Dit het gelei tot die totstandkoming van die "South African Conservatorium of Music" in 1905. Hierdie inrigting, die eerste van sy aard in Suid-Afrika, was geleë in Van Riebeeckstraat, met professor F.J. Jannasch as hoof.

Die eerste klein boekery is egter eers gevestig nadat die Konservatorium in 1934 deur die Universiteit van Stellenbosch oorgeneem is en as volwaardige departement van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte ingelyf is. Dit het aanvanklik slegs 'n paar rakke in die kantoor van die destydse hoof van die Konservatorium, professor Maria Fismer, beslaan. Later is 'n afsonderlike lokaal beskikbaar gestel vir die groeiende versameling wat onder meer 'n versameling 78-spoed plate, 'n boekkatalogus en ongeveer 200 boeke wat deur die Carnegie Korporasie van New York aan die Universiteit geskenk is, ingesluit het.

Tot laat in die vyftigerjare is geen kontrole oor die uitleen van hierdie materiaal uitgeoefen nie en is daar weinig gedoen om die versameling enigins te probeer beveilig. Die huidige direkteur van die Konservatorium, professor Reino Ottermann, is in 1959/1960 as studente-assistent by die leeskamer aangestel met die opdrag om hierdie funksies te vervul.

Mej. Maxie Bezuidenhout (later mev. van der Spuy) is in die vroeë sestigerjare as die eerste voltydse bibliotekaresse aangestel en dit was haar taak om die bestaande versameling en talle skenkings, waaronder die omvattende Albert Coates-versameling wat toe pas ontvang is, te orden. Sy is hiermee bygestaan deur 'n wisselende groep helpers, onder meer musiekstudente, maar dit was spoedig duidelik dat 'n verdere voltydse aanstelling noodsaaklik geword het. Mev. Suzanne le Roux is in 1964 aangestel en sy het begin om 'n kaartkatalogus saam te stel vir die sowat 3 000 78-spoed plate asook die langspeelplate wat tot op daardie stadium reeds aangeskaf was. Mej. Elda Nolte het mev. Van der Spuy in 1976 opgevolg en daar is begin met die voorbereidings vir die verskuiwing na die nuwe Konservatorium in Neethlingstraat.

Hierdie verskuiwing het vroeg in 1978 plaasgevind en in dieselfde jaar is die volledige biblioteekversameling van die Departement Skoolmusiek ook vanaf die Departement Opvoedkunde na die nuwe Musiekbiblioteek oorgeplaas. Die groeiende versameling en toename in gebruikersgetalle het meegebring dat die personeelkorps met verloop van jare tot agt lede vergroot is.

Die Musiekbiblioteek se omvattende versameling boeke, tesse, bladmusiek, klankopnames en ander oudiovisuele materiaal is deur die jare aansienlik uitgebrei deur vele skenkings, waarvan dié van Albert Coates, Ivy Angove, Anny Lambrechts, Anton Hartman, W.G. Burger, E. Groenewald, Louis Steyn en Fritz Stegmann spesiale vermelding verdien. In 1979 is die Musiekbiblioteek verder op 'n unieke wyse verryk deurdat die waardevolle musiekversameling uit die biblioteek van wyle kmdor. Michael Scott wat in 1976 deur die Universiteit aangekoop is, by die versamelings gevoeg is. Dit is 'n versameling van onskatbare waarde en bevat o.a. talle vroeë musiekdrukke waarvan die oudste item, *The Whole Booke of Psalmes*, uit 1598 dateer. Behalwe die ongeveer 4 000 langspeelplate is daar ook 'n wye verskeidenheid boeke wat verband hou met musiek en die musiekwetenskap.

Die Musiekbiblioteek is tans een van die drie grootste akademiese musiekbiblioteke in Suid-Afrika en bied aan sy gebruikers 'n verteenwoordigende versameling materiaal asook moderne toerusting en fasiliteite wat in 'n gerieflike en funksionele gebou gehuisves word.

DIE TYGERBERGKAMPUS BIBLIOTEEK, 1957-1995

Die Geneeskunde Biblioteek het in November 1957 sy ontstaan gehad met die aanstelling van mej. Ora Visser as eerste, en destyds enigste, personeellid.

Dit was 'n beskeie begin, met ongeveer 3 000 volumes boeke en gebinde tydskrifte, en 200 lopende tydskriftitels, gehuisves in 'n aantal klein agterkamertjies van die Karl Bremer Hospitaal.

Teen 1987 was daar ongeveer 42 000 volumes boeke en gebinde tydskrifte, 757 lopende tydskriftitels en 4 200 oudiovisuele items, sowel as 13 voltydse personeellede en 2 355 leners, alles en almal uiteindelik gehuisves in die huidige biblioteeklokaal.

Binne 'n tydperk van 16 jaar sou die biblioteek nie minder nie as vier huisvestingsomgewings beplan en is daar drie keer getrek. Baanbrekerswerk is gedoen met die ontginning en uitleen van oudiovisuele bronne en apparaat, wat noodsaaklik geword het vir die publikasie van wetenskaplike werke plaaslik en oorsee.

In 1987 word mnr. Matthew Syphus aangestel as opvolger van mej. Visser. Onder sy bestuur ondergaan die biblioteek weer eens 'n gedaanteverwisseling. Die herbeplanning van die fisiese ruimte lei tot maksimale benutting van gebruikersareas en kantoorruimtes, terwyl die inligtingsdiens aan dosente en studente aansienlik uitgebrei word. In 1990, met die installing van die MEDLINE CD-ROM werkstasie en die netwerktoegang tot

die biblioteek se rekenaarkatalogus, betree die Tygerbergkampus Biblioteek, soos dit sedert 1992 bekend staan, die opwindende elektroniese inligtingsera.

DIE NAGRAADSE BESTUURSKOOL BIBLIOTEEK, 1964-1995

Die biblioteek was vanaf die beginjare by die Nagraadse Bestuurskool 'n hoë prioriteit. Reeds in 1964 is daar met behulp van skenkings, o.a. van Mobil, 'n klompie boeke aangekoop wat in 'n lokaal op die tweede vloer van die Buitemuurse Afdeling in Bellville geberg is.

In 1970 het die Bestuurskool na 'n ou huis in Merrimanlaan 70 in Stellenbosch oorgeskuif. Die sekretaresse van prof. Helgard Muller, die destydse hoof, het met die administrasie gehelp.

As gevolg van die snelgroeiende studentegetalle, moes die groep in 1972 na Skuilhoek, digby Victoriastraat, verskuif. Daar is die eerste volwaardige biblioteek ingerig, met 'n dramastudent, mej. Loubser, as bibliotekaresse. Die Bestuurskool het uit eie fondse haar salaris betaal en die bedryfsonkoste van die biblioteek gedra.

In 1972 is daar besluit om na Bellville te verhuis. Ou opslaangeboue van hout wat deur die Fakulteit van Geneeskunde aan die agterkant van Karl Bremer Hospitaal ontruim is, het die nuwe tuiste van die Bestuurskool geword.

In 1975 is mev. Isabel Cilliers in 'n halfdagpos as bibliotekaresse aangestel. In Junie 1975 het die biblioteek van die Bestuurskool 'n volwaardige satellietbiblioteek van die Carnegie Biblioteek geword en 'n groot aantal boeke oor die bestuurswese is na Bellville oorgeplaas. Teen 1985 was daar al bykans 3 200 boeke in die biblioteek. Tydens 'n besoek aan Texas, Amerika, het prof. Muller 'n skenking van 'n welgestelde bibliofiel, prof. Justin Neff, ontvang waardeur die voorraad verder uitgebrei is.

In 1986 het die Bestuurskool verhuis na die huidige terrein, waar die biblioteek in 'n ruim lokaal op die derde vlak ingerig is. In 1988 het die Instituut vir Toekomsnavorsing ook die gebou van die Bestuurskool betrek en hulle boekery is in die biblioteek opgeneem. Mev. Henriëtte Swart het in Julie 1988 die bibliotekaresse geword. Die biblioteek het ook in dié tyd toegang tot die sentrale biblioteek se databasis d.m.v. rekenaarterminale verkry.

In April 1992 het die Nagraadse Bestuurskool Biblioteek 'n volwaardige takbiblioteek van die Universiteitsbiblioteek op Stellenbosch geword.

In 1993 is daar ook voorsiening gemaak vir gebruikers van die Skool vir Openbare Bestuur en is die geriewe vir die personeel uitgebrei. Gedurende 1994 is verskeie stelsels van die biblioteek gerekenariseer, 'n stap wat noodsaaklik geword het omdat die versameling teen hierdie tyd reeds uit bykans 9 000 boeke en 150 tydskriftitels bestaan het.

DIE INGENIEURSBIBLIOTEEK, 1976-1995

Die geskiedenis van die Ingenieursbiblioteek hang nou saam met die totstandkoming van die Fakulteit van Ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch.

Die idee van 'n Afrikaanse Fakulteit van Ingenieurswese is in die middel van die dertigerjare vir die eerste keer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gepropageer. Toe die Fakulteit van Ingenieurswese in 1944 met Prof. H.L. Reitz as dekaan gestig is, was dit die eerste van sy soort aan 'n Afrikaanse universiteit.

Die Fakulteit van Ingenieurswese was sedert 1947 op die kampus gehuisves in die gebou wat vroeër aan die Hoër Seunskool behoort het. 'n Gebrek aan ruimte en die groeiende studentegetalte het die beplanning en oprigting van 'n nuwe gebouekompleks noodsaaklik gemaak.

Hoewel daar reeds gedurende die sestigerjare met die bouwerk begin is, is die laaste van die geboue eers in 1979 voltooi en betrek. Die uiteindelijke koste van die kompleks was so hoog dat die beplande biblioteek nie gebou kon word nie.

Die behoefte aan biblioteekfasiliteite vir die Ingenieursfakulteit het egter intussen dringend geword. Die Fakulteit van Ingenieurswese is ver van die sentrale biblioteek geleë. Daarbenewens is ingenieurs 'n groep gebruikers wie se inligtingsbehoefes aansienlik verskil van dié van die gewone akademiese gebruikers. In 1976 is dus besluit om 'n dienspunt vir die eksklusiewe gebruik van ingenieursdosente en -studente op die derde vloer van die toenmalige Rekensentrum in te rig.

Die eerste voorraad van die Biblioteek het bestaan uit 68 boeke, 1 mikrofilm, 5 gebonde tydskrifte en 3 tydskriftitels.

Vanaf 1980 is 'n ongekende groei beleef. Teen hierdie tyd was dit ook duidelik dat die biblioteek klaarblyklik 'n behoefte bevredig by verskeie ander gebruikers wat nie noodwendig tot die ingenieursberoep behoort nie, en gevolglik is die biblioteek vir alle gebruikers oopgestel.

In 1981 het meer ruimte nodig geword en is daar oorgeskuif na 'n ander lokaal in die Siviele Ingenieursgebou. Terselfdertyd het die Fakulteit gevra vir langer ure en vanaf 1982 is die biblioteek saans en Saterdagoggende oopgestel.

Die personeel is aan die begin van 1987 uitgebrei na drie voltijdse personeellede. Die voorraad van die biblioteek het konstant gegroei en uitbreiding was onafwendbaar. In 1992 is onder leiding van mev. Marie van Nierop begin met die omskepping van 'n lesinglokaal en etlike kantore in biblioteekareas.

In 1993 is die bestaande boekevoorraad na die rekenaarkatalogus oorgedra en het die biblioteek 'n rekenaarmatige uitleenstelsel in gebruik geneem. In daardie stadium was die boekevoorraad 22 630 bande, en 547 lopende tydskriftitels word ontvang.

8. SATELLIETBIBLIOTEEKE

DIE BOSBOUBIBLIOTEEK, 1950-1995

In 1950 het prof. C.L. Wicht, destyds hoof van die Instituut vir Bosbou en Houttegnologie, 'n versoek aan die Universiteitsowerhede gerig dat die versameling Bosbou literatuur in die Universiteitsbiblioteek na die Instituut oorgeplaas word. In dieselfde jaar is 'n bedrag geld bewillig vir die aankoop van waardevolle boeke uit die boekery van wyle prof. E.J. Neethling (hoof van die Instituut van 1932-1949). Vir die bedrag van R350 is 322 boeke en 1 500 pamflette aangekoop. Die biblioteek is ook na prof. Neethling vernoem.

In 1960 het die Fakulteit Bosbou tot stand gekom.

Die pamfletversameling van ongeveer 60 000 items (die grootste in Afrika, en selfs in die suidelike halfrond) word hoofsaaklik op uitruilskema aangevul en is van onskatbare waarde vir studente, navorsers en dosente. In 1989 het 'n bekende houtfirma, Hunt, Leuchars en Hepburn, 'n groot bedrag geld bewillig wat dit moontlik gemaak het om rekenaartoerusting aan te koop en 'n ekstra personeellid aan te stel wat die pamfletversameling op 'n databasis moes plaas. Hierdie taak is tans byna afgehandel en toegang tot dié belangrike bron van inligting is nou aansienlik vergemaklik.

In Oktober 1992 het die Bosboubiblioteek 'n satellietbiblioteek van die J.S. Gericke geword, en is mev. Corinna Truter as eerste volwaardige personeellid geplaas op die diensstaat van die Biblioteekdiens.

DIE BIBLIOTEEK VAN DIE BUITEMUURSE AFDELING, 1958-1995

Die Buitemuurse Afdeling van die Universiteit van Stellenbosch het in 1958 sy beslag gekry met die aanbieding van die eerste lesing in die gebou van die Hoërskool Bellville. Met die vestiging van die Buitemuurse Afdeling in die kompleks wat tans as die Hoofgebou bekend staan, is een van die lesinglokale op die tweede verdieping aan die biblioteek afgestaan.

Hierdie ruimte was spoedig nie voldoende nie en is daar in 1982 besluit om die fasiliteite te verskuif na Sea View - 'n pragtige historiese huis agter die Hoofgebou wat uit die jaar 1897 dateer. Gedurende hierdie tydperk was Sea View 'n plaas wat aan die Duminy-familie behoort het. Die uitsig vanaf Sea View word beskryf in die boek van J.P. Duminy: *Twilight over the Tygerberg*: "This site commanded a view of the Peninsula and the Cape Flats in a grand circular sweep anti-clockwise from the Blaauwberg on the north-east, across Table Bay to Table Mountain with its train of attendants southwards to False Bay. Thence it included Hangklip to the south-east and proceeded northwards along the Hottentot's Holland mountains, embracing Sir Lowry's Pass and Helderberg to the Stellenbosch peaks and on to Bain's Kloof, Sneeuwkop and Wemmershoek". Sea View bied inderdaad 'n indrukwekkende Kaapse panorama.

Mevv. Yolande Visser en Constantia Basson was van die vroeëre bibliotekaresse by Buitemuurs. Sedert 1980 is mev. Ria de Villiers in beheer van die biblioteek. Die boekevoorraad van die biblioteek bestaan uit ± 5 000 boeke en 13 tydskriftitels. Omdat klasse in die aand aangebied word, is die biblioteekure en -fasiliteite aangepas om dit vir die studente so gerieflik as moontlik te maak.

9. AFRONDINGS- EN AFGERONDE WERK

In April 1981 is prof. J.H. Viljoen as Adjunk-universiteitsbibliotekaris aangestel en in Januarie 1984, na die aftrede van mnr. Du Plessis, het hy die hoof geword met die posbenaming Direkteur: Biblioteekdienste. Prof. Viljoen het sy Hons.B.Bibl. en die M.B.A. aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys behaal en daarna die D.Bibl.-graad aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Hy het verskeie poste in die Potchefstroomse Universiteitsbiblioteek beklee voordat hy in 1974 as Senior Lektor in Biblioteek- en Inligtingkunde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat aangestel is, 'n pos wat hy tot 1981 beklee het.

Van die vernaamste ontwikkelinge wat tot dusver onder prof. Viljoen se termyn plaasgevind het, is:

- die opening van die J.S. Gericke Biblioteek in 1984 en die instelling van nuwe dienste soos 'n vakbibliotekarisstelsel.
- Die aanvaarding deur die Senaat van 'n verslag wat in 1985 die resultaat was van 'n omvattende ondersoek na biblioteekdienste op die Universiteit van Stellenbosch se kampus en waaruit belangrike aanbevelings voortgevloe het.
- Die aankoop van 'n rekenaarstelsel vir die rekenarisering van al die prosedures van die Biblioteekdiens in 1986. Dienste soos eksterne rekenaaromatige inligtingdienste (ERI) en nuwe tegnologie soos CD-Rom het mettertyd beskikbaar geword.
- 'n Ondersoek na 'n voorraadboubeleid en 'n fondsverdelingsformule wat uitgeloop het op 'n verslag wat in 1990 deur die Senaat aanvaar is.
- Die instelling van 'n kommersiële inligtingsdiens, genaamd Infobank, in 1991.


Onder prof. Viljoen se leiding is daar begin met 'n meer uitwaartse beleid om die Biblioteekdiens meer sigbaar te maak op die kampus. Dit sluit gereelde besoeke aan dekane in, en skakeling met die Studenteraad en fakulteite. Die Biblioteekkomitee is ook meer aktief betrek by besluitneming, veral ten opsigte van beleidsimplikasies wat die breë kampusgemeenskap raak.

Die Senior Direkteur, soos die hoof van die Biblioteekdiens tans bekend staan, word in sy werk ondersteun deur die Adjunk-direkteur mnr. Johan Engelbrecht en drie Assistent-direkteure mev. Elsa Taylor, mnr. Max von Dürckheim en mnr. Matthew Syphus en 'n personeel van 125 kundige vakmense.


Deur die jare het 'n besonder klein personeelomset 'n tradisie geword waarna die hoofde dikwels met trots verwys het. Dit is uiteraard nie moontlik om elke personeel wat 'n bydrae gemaak het tot die sukses en prestige van die Biblioteekdiens uit te sonder nie. Al hierdie mense is werkers in die volledigste sin van die woord: die Aärons en Hurs van die akademie.



C.L. MARAIS BIBLIOTHEEK / LIBRARY




CARNEGIE BIBLIOTHEEK / LIBRARY



J.S. GERICKE BIBLIOTEEK / LIBRARY



UITLEENAFDELING, J.S. GERICKE BIBLIOTEEK
LENDING SECTION, J.S. GERICKE LIBRARY



AFRICANA LOKAAL, J.S. GERICKE BIBLIOTEEK
AFRICANA ROOM, J.S. GERICKE LIBRARY



MNR. F. DU PLESSIS, PROF. J.H. VILJOEN EN MNR. G.V. MARAIS
MR. F. DU PLESSIS, PROF. J.H. VILJOEN AND MR. G.V. MARAIS